

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 22, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar & Apr 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Die skrikwekkendste vers in die Bybel

Selfs voor Charles Darwin het baie mense 'n verklaring gesoek vir menslike bestaan waarin 'n alwetende, almagtige God geen rol gespeel het nie. Om die bestaan van God te erken, is om 'n morele gesag oor ons lewens te aanvaar – iets wat onnatuurlik vir die menslike verstand is. “[O]mdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). Die mensdom wil nie vertel word wat om te doen nie.

Elkeen van ons moet 'n noodsaaklike keuse maak. Hoe meer ons oor die begin van ons heelal ontdek, asook die ingewikkeldheid en duidelike ontwerp daarvan, hoe swakker is ons verskoning om die Skepper daarvan te verwerp:

“Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20).

Wat van u? Glo u *in* God? Wat *nét* so belangrik is, *gló* u God?

Hierdie is eenvoudige vrae met reguit antwoorde, maar soos die profeet Jeremia verduidelik: “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja,

verdorwe is dit; wie kan dit ken?” (Jeremia 17:9). Dit kan tog sekerlik nie u hart of myne beteken nie? Moenie te seker wees nie.

Ware Christelikheid is meer as 'n intellektuele oefening en wanneer dit ernstig opgeneem word, verander dit lewens. 'n Plijsgetroue Bybelstudent behoort nie onveranderd te bly nie. Moeilike besluite moet geneem word.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif bevat Bybelse inhoud met betrekking tot ons wêreld en waarheen dit op pad is. Dit bevat artikels wat sosiale tendense, geskiedenis, Bybelprofesie en die doel van die lewe dek – wat alles, indien dit reg verstaan word, tot 'n lewenswyse lei wat verskil van die wêreldse *en* godsdienstige verloop van ons wêreld. Kortweg, die *Wêreld van Môre* is 'n oproep om te verander.

Ons uitgawe van Desember 2022 bevat die artikels “Oom George en Kersfees” en “Is Kersfees 'n heidense vakansiedag?” Waarom is dit geskryf? Sonder twyfel, om geskiedkundige en Bybelse perspektiewe oor hierdie gewilde vakansiedag oor te dra. Is dit egter al? Is dit bloot om te onderrig of te vermaak of is dit bedoel om denke en gedrag te *verander*?

Jesus se eie halfbroer het vermaan: “En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie” (Jakobus 1:22). Hy het toe gewaarsku: “Want as iemand 'n hoorder van die

woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het” (verse 23-24).

Jakobus het verder verduidelik dat voordele vir almal wat toepaslik reageer beskikbaar is op dit wat hulle in die spieël van God se Woord sien: “Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen” (Jakobus 1:25).

Verdra 'n vervalsing

Die *Wêreld van Môre* vestig ons aandag op baie ongemaklike waarhede wat in die Bybel gevind word. Wanneer God vir ons sê om Hom nie te aanbid soos die heidene hulle gode aanbid nie, bedóél Hy dit. Dit is nie onderhandelbaar nie. Ons evalueer die situasie eerlik, verander en gehoorsaam God óf ons gaan voort om mensgemaakte tradisies te volg wat Sy instruksies weerspreek (Markus 7:1-9; Deuteronómium 12:29-32; Jeremia 10:2).

Waarom reageer so min mense op die geopenbaarde Waarheid? Hoe kan hulle God se Woord lees en wegstap van die spieël van Sy volmaakte Wet – die Wet wat vryheid meebring? Jesus se vraag is vandag nog net so van toepassing soos wat dit in die eerste eeu was: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Die skrikwekkendste vers in die Bybel

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Onderwysing of indoktrinering? 3

Word kinders die geleentheid ontnem van die waardes wat ware opvoeding aanbied wanneer hulle van humanisme en materialisme leer?

Brittanje en die rol van die vreemdeling 8

Die Verenigde Koninkryk sukkel met 'n onopgeloste vlugtelingkrisis.

Ontwrigting van die voorsieningsketting 11

COVID-19 rig steeds verwoesting aan op ekonomiese gebied. Wat kan ons leer van die tekorte wat so algemeen geraak het?

Wanneer 'n geliefde sterf 15

Ons kan midde in die smart wat ons beleef – selfs ons eie sterflikheid – verlies van 'n geliefde met vrymoedigheid, moed en hoop in die gesig staar.

Godsdien: Kanada se vier-letter woord 18.

Die tweede perderuiter: Geweld en oorlog 21

Die derde perderuiter: Onge- kende hongersnood lê voor 24

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Strekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Onderwysing of indoktrinering?

Deur Richard F. Ames

Vandag se maatskaplike manipuleerders slaag nie daarin om studente te leer wat hulle werklik nodig het om te weet nie. Hoe kan u seker wees dat u en u kinders voorberei word vir die toekoms en ware en blywende waardes aanleer? Die goeie nuus is dat u ware suiwer opvoeding vir uself en u geliefdes kan vind.

Westerse onderwys is nie wat dit voorheen was nie. Indien u 'n grootouer is, kan u sien hoe u opvoeding verskil van die skoolopleiding wat u klein-kinders ontvang. Van “nuwe wiskunde” wat selfagting net soveel as akkurate berekening aanmoedig, tot die maatskaplike manipuleerders wat in baie klaskamers grootliks die “drie R'e” (usually said as “reading, 'riting, and 'rithmetic”) [lees, skryf en rekenkunde] vervang het, wyk opvoedkunde in die Westerse nasies vandag baie ver af van die standaard van die verlede.

Hoewel die meeste van die Verenigde State se voorste en mees prominente universiteite in die naam van Christelikheid gestig is, ignoreer die meeste opvoedkundiges van vandag die grondslag van Waarheid – God se Woord. Studente word geleer dat daar geen absolutes is nie en dat daar geen finale outoriteit buite die self is nie. In plaas daarvan om God se ewige Wet te leer, leer hulle humanisme en materialisme.

Hoe behoort u dit dus alles te verstaan? Watter benadering kan u volg om uself te verdedig en om te verseker dat u en u

geliefdes die soort opvoeding ontvang wat uself en hulle sal help om te oorleef en te floreer in moeilike tye wat voorlê? Hoe kan u verstaan wat dit beteken om 'n ware opvoeding te kry?

Wat om te leer?

Nadat die burgers van Loudoun County, Virginia, in Junie 2021 'n saamtrek gehou het met die tema “Onderwys nie indoktrinasie nie”, het hulle hul kommer uitgespreek oor wat al hoe meer algemeen in die Verenigde State raak. Organiseerders van die saamtrek was gekant teen wat genoem word “'n roekelose en verdeelde agenda wat ons gemeenskap uitmekaar skeur en ons kinders indoktrineer in plaas daarvan om hulle op te voed”. Hierdie agenda sluit in “om graad neges van verkragting en ook groepseks te leer – dinge wat totaal onvanpas is” (“*Rally opposing critical race theory,*” *The Loudoun Times-Mirror*, 12 Junie 2021).

Dit is ook nie net in die staat Virginia nie. Toenemende getalle state en plaaslike skooldistrikte volg verpligte kurrikulums wat baie onderwysers sowel as ouers ontstel.

In sommige skole word beveel dat hulle nie geskiedenis moet onderrig op 'n manier wat rassisme bevorder nie – 'n lofwaardige doelwit, maar is onderhewig aan soveel vertolkings van die feite dat sommige mense sê dat dit die onderrig van die slawerny-era in die Verenigde State se geskiedenis verbied. Ander skole word aangesê dat hulle moet onderrig dat hulle nasie “in wese rassisties” is, maar dat “anti-rassisme” vereis dat hulle verskillend behoort te onderrig op grond van hulle studente se velkleur.

Hoe en waarom het ons onderwysstelsels dus hulle klem verskuif? Baie universiteite het teen die 1960's toevlugsoorde van nihilisme [ontkenning van vroeëre stelsels] en 'n anti-God idee geword. Vanaf die negentiende eeu het hulle die struktuur en later die ideale van die Duitse universiteite en filosowe aangeneem.

Die belangrikste onder hulle was Friedrich Nietzsche, wat die welbekende woorde geskryf het: “God is dood; maar gegewe hoe mense is, kan daar nog vir duisende jare grotte wees waarin hulle Hom dien. Ons

moet nog Sy nalatenskap ook vernietig!” (*The Gay Science*, 1882). Alhoewel hy gevrees het dat die verbanning van die idee van God tydelik 'n tyd van chaos tot gevolg sou hê, het Nietzsche uitgesien na nuwe waardes wat die mensdom kon instel in die afwesigheid van toewyding aan 'n Skepper. Daardie anti-God-filosofie leef tot vandag toe voort in die denke van radikale akademici, liberale maatskaplike manipuleerders en steeds toenemende groepe van die algemene publiek. Die tydskrif *Time* het selfs in 1966 op sy voorblad gevra: “*Is God Dead?*”

Baie geleerdes van die agtiende en negentiende eeue het heeltemal tereg gesien dat die Christendom van sy oorsprong afgedwaal het en die heidense gebruike van die omliggende samelewing aangeneem het. In plaas daarvan om moderne onderwys op ware Christelike beginsels te herbou, het baie geleerde persone probeer om daardie *beginsels heeltemal te vernietig*. Hulle het een soort valse godsdiens en die valse opvoeding daarvan verwerp, maar het probeer om dit met *godlose* opvoeding eerder as *Goddelike* opvoeding te vervang.

Terwyl toenemende getalle ouers die waardes bevraagteken wat in hulle kinders se skole geleer word, behoort ons eers te vra of onderwys sonder waardes enigsins *moontlik* is. Wat is die sleutel om te bepaal wat kinders behoort te leer?

Eerlike evaluering is nodig

Ouers wat beswaar maak teen foutiewe onderrig in hulle kinders se skole word toenemend verneder en selfs gepenaliseer. Is dit God se manier? *Nee*. Anders as moderne anti-God teoretici wat mense wil dwing tot aanvaarding, dring God daarop aan dat Sy Weg bewysbaar en rationeel is. Nadat die Christene van Berea nuwe leerstellings ontvang het, het hulle dit nie blindelings aanvaar nie. Ons lees hulle het “die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was” (Handelinge 17:11). Hulle was nie net leergierig nie; hulle het vir hulleself bewys dat hulle die Waarheid leer! Selfs in die Ou Testament het God Sy volk verseker dat hulle Sy Waarheid kon bewys. Nadat God seëninge beloof het aan diegene wat Hom gehoorsaam, spoor Hy hulle aan: “... beproef My tog hierin” (Maleági 3:10).

Wanneer begaafde studente vandag hulle linksgesinde instrukteurs daaraan herinner dat geen Marxistiese staat sy beloftes nagekom het nie óf regsgeesinde instrukteurs ingelig het dat die menslike natuur kapitalisme die ideaal gemaak het om sosiale ongelykheid te bevorder, sal hulle waarskynlik bespot word en selfs sien dat hulle punte daaronder ly. God weet egter dat Sy weg staande kan bly wanneer dit noukeurig ondersoek word. Dit *werk* wanneer mense volgens God se manier leef.

Christene verstaan natuurlik dat geen sosiale of opvoedkundige stelsel sonder God werklik sal slaag nie. Hulle weet dat totdat Jesus Christus weer kom om oor die hele aarde te regeer, geen regeringstelsel of onderwysstelsel perfek sal wees nie. Hulle weet egter ook – uit die Skrif en uit ondervinding – hoe sukses lyk en hoe hulle die meeste daarvan in hulle individuele lewens kan maak.

Dit is nie net Bybelgelowiges wat die ontoereikendheid van materialistiese, anti-God filosofieë ingesien het nie. Die Skrif sê vir ons: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20). Selfs sonder Bybelse geloof sal 'n eerlike studie van die skepping ons baie van ons Skepper leer. U het dalk van Antony Flew (1923-2010) gelees, die Britse filosoof wat sy ateïstiese kollegas geskok het toe hy erken het dat hy deur rasionele denke tot 'n geloof in God gekom het. Dit is dus nie verbasend dat dit hom sy vriende en respek onder sy mede-akademici gekos het nie.

Christene wat Flew se storie verkondig, laat dikwels belangrike inligting buite rekening. Ten spyte daarvan dat hy sy vroeëre ateïsme laat vaar het, het Flew nooit bely dat hy in die God van die Bybel glo nie. Sy rasionele denke het hom bloot daartoe gelei om eerlik te erken dat daar 'n Skepper-God moet

wees. Dui dit op enige fout in Flew se logika? *Nee*. Christus het vir Sy volgelinge gesê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:44). God roep nog nie die meeste mense nie; Hy sal hulle in die Millennium roep asook tydens die Groot Wit Troon Oordeel. Selfs vandag nog sal eerlike studente van filosofie en wetenskap steeds dieselfde as Flew doen en erken dat daar 'n God is wat ons deur Sy skepping kan ken. Eerlike wetenskaplikes en filosowe sal erken dat daar baie dinge is wat hulle nie deur materialisme alleen kan verklaar nie.

Wat maak dit moontlik om te leer?

Mense is geskep om te leer. Diere kan egter ook leer. Is ons dan net meer gevorderd as die diere? Die meeste moderne opvoedkundiges sal met hierdie valse Darwinistiese idee saamstem. Die menslike brein kan tog baie meer verrig in vergelyking met die gewig van enige ander spesie se brein. Wetenskaplikes begin toenemend die belangrikheid van die *bewussyn* as faktor oorweeg bô blote breinchemie. Hierdie perspektief, hoewel dit nie die heersende wetenskaplike siening is nie, stem ooreen met wat die Skrif openbaar. Die apostel Paulus skryf: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?” (1 Korinthiërs 2:11).

Hierdie gees wat Paulus

beskryf, is nie die Heilige Gees nie en ook nie 'n “onsterflike siel” nie. Dit is die diepste wese van die mens wat saam met die fisiese brein werk om mense ver bo diere te bemagtig (Job 32:8). Hierdie begrip bring die wetenskap en die Skrif in ooreenstemming met mekaar en dit verduidelik 'n aspek van die menslike verstand wat vir die meeste opvoedkundiges 'n raaisel bly. Onderrig wat uitsluitlik op materiële en fisiese kennis gebaseer is, is ongelukkig onvoldoende. Wanneer 'n onderwysstelsel die bestaan van God en van gees verwerp, *verwerp dit die grondbeginsels van die werklikheid*.

Lewenslange karakter-opvoeding

Selfs al voorsien ons moderne onderwysstelsel nie al die antwoorde wat ons soek nie, behoort ons ten minste deur die stelsel self beïndruk te wees? Universiteite kan sekerlik sommige areas van materiële kennis suksesvol onderrig. Ware opvoeding, soos die Skrif dit aanbied, strek egter veel verder as die oordra van kennis; dit moet die geestelike waardes onderrig wat aan alle ander strewes na kennis hulle uiteinde-like betekenis gee. Kan enig-iemand werklik opgevoed word sonder om te weet wat die verskil tussen reg en verkeerd is?

Die apostel Paulus veroordeel baie ernstig diegene wat die werklikheid van God verwerp: “WANT die toorn van God word van die hemel af geopenbaar

oor al die goddeloosheid en onge-regtigheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar ... Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword” (Romeine 1:18-22).

Regdeur die Bybel is aanklagte teen anti-God opvoeding baie sterk: “Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie” (Psalm 14:1).

God wil 'n heilige en regverdige karakter in Sy volk ontwikkel en Hy wil hê dat Sy mense sal groei in die soort *Goddelike* kennis wat hulle sal lei om hulle aan Sy Heilige Gees te onderwerp en goed te doen (vergeelyk Matthéüs 4:4; Lukas 4:4). Deur God se Woord te bestudeer en Bybelkennis toe te pas in alles wat ons dink, sê en doen, kan ons die impak van Jesus se stelling begin verstaan: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10).

Hoe herken mens 'n “oorvloedige” lewe? Die Grieke het na wysheid gesoek en die Jode het na wonderbaarlike tekens van God se krag gesoek. Die apostel Paulus het verduidelik dat die Seun van God albei hierdie elemente ver bo die grense van die sterflike mensdom verpersoonlik: “... want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en

dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense" (1 Korinthiërs 1:22-25).

Inderdaad, God roep baie min van diegene wat deur die wêreld as "wys" of "edel" beskou word – die rykes, magtiges en intellektueles. "Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; ... sodat geen vlees voor Hom sou roem nie" (1 Korinthiërs 1:26-27, 29).

Dit is hoeveel God ydelheid haat. Diegene wat dink dat hulle so wys is dat "geen vlees voor Hom sou roem nie", is *nie* diegene wat deur God geroep sal word nie. God sal eerder Sy Waarheid aan "dwase" Christene openbaar indien hulle 'n berouvolle, nederige en leerbare gees het. Soos die apostel Paulus skryf: "Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang" (1 Korinthiërs 3:18-19).

Bou op die ware beginsels

Die Christenskap wat deur Jesus Christus en die Apostels onderrig en beoefen is, het 'n voorbeeld vir alle tye gestel. Dit was 'n voorbeeld van gehoorsaamheid aan God se geestelike Wette – die Tien Gebooie – en die weg van liefde wat deur Jesus Christus geleer is, wat aan Sy volgelinge gesê het: "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:31-32).

Ongelukkig bly die grootste deel van die mensdom van die wêreld in duisternis en onkunde. Kulture, volke en nasies as geheel word verblind deur valse opvoeding. Ons lees 'n skokkende stelling in die boek Openbaring: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Hierdie groot gevalle engel, wat die "duiwel en Satan" genoem word, mislei nie net 'n paar mense nie, maar die oorgrote meerderheid. Om bloot deel te wees van 'n derde van die mensdom wat hulleself "Christelik" noem, is *geen waarborg* dat 'n mens nie mislei is nie.

Presies wat is hierdie Waarheid waaroor Satan die hele wêreld mislei? Natuurlik is daar wetenskaplike waarheid wat getoets en bewys kan word. Wetenskap kan tot 'n mate die "wat" en "hoe" van natuurwette beskryf – tog *kan dit nie* die "waarom" van ons bestaan

verklar nie. Hierdie waarheid kan slegs deur die Skepper verklaar word. Wat sê die Skepper oor waarheid? Die aand toe Jesus voor Sy kruisiging tot Sy Vader gebid het, het Hy vir Sy dissipels gebid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17).

Ja, die *Woord van God* is Waarheid. Dit is nodig dat u dit aan uself bewys dat die Bybel die Openbaring van die Skepper-God is. Die apostel Paulus skryf: "Die hele Skrif is deur God ingegegee" (2 Timótheüs 3:16). Die Griekse woord wat as "inspirasie" vertaal word, is *theopneustos*, wat "goddelike asem" beteken. Die *World English Bible* vertaal dit as volg: "*Every Scripture is God-breathed.*" Terwyl Paulus dit geskryf het, was die boeke wat ons die "Ou Testament" noem die enigste gekanoniseerde Skrif, maar vandag wil baie Christene die eenvoudige leerstellings van die Ou Testament ignoreer. Selfs die Nuwe Testament sê vir ons dat die *hele* Skrif deur God ingegegee is.

God Self: Die grootste Leermeester van almal

Ware opvoeding moet op die Waarheid van God gebaseer wees. Alle ander beginsels is uiteindelik waardeloos. Slegs 'n Christen wat gewillig is om van die Groot Leermeester te leer en Sy voorbeeld te volg, sal op 'n behoorlike fondament bou waarop kennis uitgebrei kan word. Jesus Christus het Sy studente geleer: "Maar as jy in

die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.” Hy het toe verskeie van die Tien Gebooië genoem (Matthéüs 19:17-19).

Waarom is die Tien Gebooië die grondslag van ware opvoeding? Omdat dit duidelik vir ons sê *wat reg en wat verkeerd is*. Dit openbaar die weg van vrede en voorspoed wat God vir die hele mensdom in gedagte het. Wat gebeur met diegene wat God se eenvoudige Wette ignoreer? Soos die apostel Paulus skryf: “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai” (Galásiërs 6:7-8).

Koning Dawid het geskryf oor die opvoeding wat op 'n gesonde grondslag gebou word: “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooië maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuënis is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevel. Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar. Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want *Ú* het my geleer” (Psalm 119:97-102).

God het koning Dawid onderrig en Hy wil ál Sy mense leer. Sodra u begin om die geestelike Wette van God toe te pas soos dit in die Bybel geleer word en deur Jesus Christus in

die Bergpredikasie uitgebrei is, kan u groter begrip en ware kennis hê. Soos ons in Psalm 111:10 lees: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand.”

Namate u daarna streef om Hom te gehoorsaam, sal God deur die Heilige Gees geestelike kennis aan u openbaar. Paulus gaan voort om die verskil tussen die kennis van 'n bekeerde Christen en van 'n onbekeerde persoon te verduidelik: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het” (1 Korinthiërs 2:11-12).

Net soos 'n dier se brein nie die “dinge van die mense” kan verstaan nie, kan die vleeslike, natuurlike verstand van die mens ook nie die “dinge van God” verstaan nie. Paulus gaan voort om te verduidelik: “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en Hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word” (1 Korinthiërs 2:14). Geestelike waarheid word geestelik onderskei; dit kan nie deur die natuurlike menslike intellek verkry word sonder die gawe van God se Heilige Gees nie (Handelinge 2:38).

U kán ware opvoeding bekom

Omdat die ware opvoeding verwerp is, ken ons moderne wêreld nie die weg na ware vrede nie. Christene kan egter die Waarheid ken en kan uitsien na die tyd wat binnekort sal aanbreek wanneer alle nasies uiteindelik studente van die Groot Opvoeder sal word. Ons hoef nie die wêreld se skole en kolleges te vermy nie, maar ons moet hulle met behoorlike begrip benader. Ons kan gebruik maak van moderne opvoedkundige instellings om geskikte vaardighede en kundigheid aan te leer of om ons taalvaardighede te ontwikkel of om die wêreld se geskiedenis en wetenskappe te bestudeer. Ons moet dit egter met oop oë doen en versigtig wees om bewus te wees van die verskil tussen nuttige opleiding wat aan ons kennis en vaardighede kan verskaf om ons lewens te verbeter in plaas van skadelike indoktrinering, wat probeer om ons waardes by die menslike en wêreldse materialisme wat so algemeen in die wêreld rondom ons is, te laat aanpas.

God se Woord gee 'n inspirerende beskrywing van opvoeding gedurende die tyd van die Koninkryk van God: “En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke ... nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal

Vervolg op bladsy 19

Brittanje en die rol van die vreemdeling

Deur Peter Nathan

Die Verenigde Koninkryk sukkel met 'n onopgeloste vlugtelingkrisis. Duisende mense durf die gevaarlike Engelse Kanaal-oorgang vanaf Frankryk aan, dikwels in swak en ontoereikende vaartuie, in 'n desperate poging om 'n nuwe en beter lewe te vind.

Dit herinner 'n mens aan 'n tyd meer as 80 jaar gelede, toe klein skepies die wonderwerk van Dunkirk moontlik gemaak het. Die aanbieder van *Tomorrow's World*, Rod McNair, het dit bespreek in sy uitsending "*The Miracle of Dunkirk*", waarna u aanlyn by *TomorrowsWorld.org* kan kyk. Gereed om die Britse ekspedisiemagte van vernietiging op die strande van Frankryk te red, het honderde vissers- en plesierbote duisende soldate veilig vanaf die kus van Frankryk na hulle tuiste in Brittanje oor wonderbaarlik rustige waters van die Engelse Kanaal vervoer. Deesdae bring honderde klein bootjies soldate nie huis toe nie; hulle vervoer vlugteling na nuwe tuistes in die VK.

Gevaarlike oorgange

Wanneer ons aan vlugteling dink, is dit maklik om eerstens te dink aan die suidelike grens van die Verenigde State, wat die vorige president van die V.S. gehoop het om met 'n muur af te skei. Vlugteling kom egter

algemeen dwarsoor Europa voor.

Geskei van Europa deur sowat 32 verraderlike kilometer water wat die wêreld se besigste skeepsroete uitmaak, het Brittanje sy eie vlugtelingkrisis. In 2021 het meer as 27,000 vlugteling, sover bekend, deur daardie waters gereis, soms in gevaarlike klein bootjies, swak toegerus om die kanaal vanaf Frankryk oor te steek en dit is slegs diegene wat onderskep en getel is. Hoeveel ander vlugteling die oorgang suksesvol oorgesteek en die land binnegegryp het is onbekend, maar die getal wat onderskep is, is drie keer hoër as dié van die vorige jaar ("*France says it is up to UK to solve Channel boat migrant crisis*," *Financial Times*, 2 Desember 2021). Brittanje openbaar duidelik 'n deurdringbare grens as gevolg van die vragmotors en treine wat in die tunnel onder deur die Engelse Kanaal vanaf Frankryk ry en wat gereeld gebruik word as 'n manier vir vlugteling om onder deur die kanaal te gryp.

Die fisiese inspanning wat aangewend word om die kus van die Engelse Kanaal selfs net te bereik, is ongelooflik. Mense loop te voet oor die Alpe van Italië na Frankryk, selfs in die winter terwyl hulle swak toegerus is vir die gevaarlike tog. Die gruwelverhale wat met

hierdie reise geassosieer word, is amper soortgelyk aan dié van pioniers wat die *Rocky Mountains* oorgesteek het toe die westelike deel van die V.S. in die negentiende eeu gevestig is. Vanuit Frankryk is 'n toenemende aantal mense onsuksesvol in hulle pogings en verdrink dan in die onstuimige waters van die Engelse Kanaal. Gewetenlose agente verskaf bote wat veels te klein is om selfs in die beste weersomstandighede die kanaal oor te steek en die wonderwerk van Dunkirk word nie herhaal vir diegene wie se bote nie die rowwe see kan hanteer of die skeepsverkeer kan vermy nie.

Die Britse regering het die Franse regering sowat £54 miljoen betaal om die stroom vlugteling te help stuit. Tog blyk dit dat Frankryk nie in staat is of bereid is om in te gryp nie. Die Franse president Emmanuel Macron, beweer dat die Franse meer as 1,552 smokkelaars van mense in hegtenis geneem het, asook sowat 44 smokkelnetwerke oopgeplek het. Indien dit waar is en die aantal vlugteling het steeds in 2021 toegeneem, is dit 'n aanduiding van die omvang van die probleem wat Brittanje in die gesig staar.

Waarom Brittanje?

Die meeste van hierdie vlugteling is uit die Midde-Ooste en

Afrika en hulle probeer om te ontsnap van die politieke, ekonomiese en maatskaplike probleme daar (*"Migrant crisis: Why do so many people head to the UK and where are they coming from?" Evening Standard*, 26 November 2021). Die Nasionale Ouditkantoor skat dat daar tans tussen 600,000 en 1,200,000 vlugteling in Brittanje woon (*"Why do migrants cross the Channel to the UK and not stay in France?"*, *The Times*, 26 November 2021). Die feit dat mense deur verskeie ander lande gereis het om die kus van Brittanje te bereik, maak die aanspraak op asiel onmoontlik, aangesien asiel geëis kon word in enige land wat hulle eerste bereik het.

Sommige vlugteling het familiebande met inwoners in Engeland. Sommige van hulle kies Brittanje omdat hulle basiese begrip van Engels hulle help om nie 'n totaal onbekende Europese taal aan te leer nie. Behalwe vir familiebande en taal, kan werk in die V.K. gevind word sonder die identiteitsdokumente wat in Europa vereis word.

Die vooruitsig van tydelike indiensneming in die Verenigde Koninkryk se mark-ekonomie, asook hoe maklik dit is om regeringsvoordele te verkry, dra by tot die aansporing om te emigreer ten spyte van die beweerde koste van tot £6,000 per persoon om die Kanaal oor te steek (*"Why record Channel drownings are unlikely to deter migrants," The Week*, 26 November 2021). Alhoewel die

staat se betalings vir welsyn eintlik minder in Brittanje as in Europa is, maak die aantreklikheid van werk Brittanje 'n uitstekende keuse vir vlugteling wat 'n nuwe lewe vir hulleself wil skep. Ann Widdecombe, 'n sekretaris van Binnelandse Sake in vorige Tory-administrasies, het aangeteken dat die Britse samelewing die maklikste in die Westerse wêreld is waarin 'n vlugteling kan verdwyn (*"Widdecombe lays out list of reasons why asylum seekers prefer UK to France in radio rant," Express*, 11 Oktober 2021).

Brittanje se regering van 2022 is verkies om Brexit te verwesentlik. Een van die sentrale elemente van daardie doelwit was om beheer oor Brittanje se grense te herwin en immigrasie te bestuur sodat werksgeleentheid in die V.K. vir Britse burgers gereserveer kan word. Die vlugteling-situasie maak egter 'n bespotting van enige sodanige beheer-maatreëls.

Waar vind ons die grondslag vir die regverdige behandeling van vlugteling, van wie sommige van hulle tienduiseende dollars aan "fixers" [skelms] betaal het om hulle in staat te stel om net na die verre kus van die Engelse Kanaal te reis – "fixers" [skelms] wat nog meer gaan eis om hulle in staat te stel om werklik hulle beloofde land te bereik?

Die rol van die vreemdeling

God het die mense van antieke Israel geleer om vreemdelinge

met respek te behandel, aangesien hulle self vreemdelinge in Egipte was (Exodus 22:21; Levitikus 19:33-34). Vreemdelinge moes egter die wet gehoorsaam wat in Israel gegeld het, in plaas van om hulle eie wette en idees van aanbidding saam te bring (Levitikus 18:26-29). Alhoewel daar geen aantekening van destydse massa-migrasie is soos wat ons vandag sien nie, was hierdie antieke maatreëls nie ingestel om net af en toe met 'n individu te deal wat onder die Israeliete gewoon het nie. Israel as 'n nasie is gewaarsku dat, indien hulle nalaat om hulle God te gehoorsaam, die vreemdeling onder hulle sou opstaan en oor hulle sou regeer – wat aandui dat vreemdelinge waarskynlik 'n aansienlike deel van die bevolking kon vorm (Deuteronomium 28:43-44).

As 'n afstammeling van antieke Israel, het Brittanje vir baie jare die beleid gevolg wat Europese migrasie aangehoed het, veral vanuit die ou Ryk en nou uit lande van die Statebond en die E.U. Met migrasie het groter verdraagsaamheid teenoor meervoudige godsdienste gekom, wat mettertyd 'n multikulturele samelewing ontwikkel het waarin Christelike waardes al hoe meer op die kantlyn geskuif is. Wanneer al die alternatiewe spellings [van name] deesdae bymekaar getel word, word Muhammad die mees algemene naam vir 'n Britse seun (*"Baby names: Is Muhammad the most popular?" BBC*, 26 September

2018).

Ons behoort nie verbaas te wees wanneer ons 'n fundamentele verandering in nasionale

waardes, lewenswyses en bevolking waarneem nie – net soos God voorspel het. Indien u meer oor hierdie onderwerp wil weet,

bestel asseblief ons gratis publikasie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* of lees dit aanlyn by wvm.co.za. **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 21 – Godsdien: Kanada se vier-letter woord

Kanadese bevolking die naam van die Apostel wat Jesus drie keer verloën het genoem het, terwyl byna 60% van hulle die naam van die eerste boek in die Ou Testament kon noem. Sedertdien [2015] het hierdie persentasies onderskeidelik tot 31 en 42 gedaal (Aaron Hutchins, *What Canadians Really Believe: A Surprising Poll* Maclean's, 26 Maart 2015).

Wat behoort ons uit hierdie resultate te leer? Behoort ons bemoedig te wees dat een uit vyf Kanadese godsdienstig toegewyd is? Nadat ons die data nagegaan het, behoort mens te wonder of die maatstaf vir godsdienstige toewyding net eenvoudig verlaag is. Tweederdes van die Kanadese glo dat God of 'n hoër mag bestaan maar lei daardie geloof tot aksie? Het dit 'n invloed op die manier waarop Kanadese hulle daaglikse lewens leef? Die dramatiese afname in beide kerkbywoning en selfs die mees basiese Bybelkennis dui daarop dat dit nie so is nie.

Godsdien – die nuwe vloekwoord

Is u gemaklik tussen diegene wat godsdienstig toegewyd is? Wat van diegene wat krities teenoor godsdien staan? Volgens die Angus Reid Instituut beskryf die helfte van die Kanadese (50%) dat hulle

ongemaklik voel tussen mense wat godsdienstig toegewyd is, met inbegrip van 'n volle derde (33%) van dié wat “Godsdienstig betrokke” is. Dit ten spyte van die bevindings dat “Godsdienstig betrokke Kanadese meer geneig is om oor ander bekommerd te wees, gelukkiger is en ook die vrygewigste is” (Ray Pennings, *“It is time to change the narrative around religion in Canada”*, National Post, 13 April, 2017). Dit is duidelik dat iets verkeerd is as 'n derde van diegene wat “Godsdienstig betrokke” is, ongemaklik voel tussen die wat godsdienstig toegewyd is. Dit lyk of Kanadese verkies om hulleself te omring met diegene wat godsdien kritiseer (waar slegs 42% ongemaklik is).

Is dit dan 'n verrassing dat “slegs een-in-vier Kanadese (25%) die woord 'godsdien' gekies het en 'n positiewe betekenis daaraan heg, terwyl een-derde (33%) gesê het dat hulle die woord as negatief beskou?” (Angus Reid Institute). Toe hy oor hierdie spesifieke bevinding uitgevra is, het Angus Reid, die stigter en voorsitter van die instituut, die gewigtigheid van die resultaat kortliks só saamgevat. “Die woord 'godsdien' het 'n bietjie van 'n vier-letter woord geword” (*“Canadians may be vacating*

the pews but they are keeping the faith: poll”, National Post, 13 April 2017).

Is dit nodig dat godsdien misluk?

Is godsdien werklik iets negatiefs? Godsdien was sedert die begin van die mensdom 'n dryfkrag in die wêreld. Tog, al te dikwels, hang mense die mantel van godsdien om, sodat hulle hulle eie ambisies kan bevorder, sonder enige fokus op maatskaplike orde, moraliteit en soeke na die waarheid. Ongelukkig het hierdie soort korrupsie selfs gedeeltes van die Kerk besmet wat Jesus Christus 2,000 jaar gelede deur Sy dissipels gestig het.

U mag verras wees om te vind dat baie van die algemeen aanvaarde tradisies van die belydende Christendom wat vandag wêreldwyd voorkom nêrens in die heilige Skrif, die Bybel, gevind word nie. Ons gratis publikasie, *Hervestig die oorspronklike Christensakp*, stel ondersoek in hoe die godsdien van die vroeë Christelike Kerk werklik daar uitgesien het.

Hierdie boekie toon aan dat baie van die oorspronklike voorskrifte wat deur Jesus Christus en die Apostels voorsien is, later deur baie

Vervolg op bladsy 27

Ontwrigting van die voorsieningsketting

Deur Dexter B. Wakefield

Onlangs moes 'n hoofwaterpyp naby my huis herstel word. Die watertoevoer is gevolglik vir 'n dag of wat afgesny. Ons verwag dat hierdie ontwrigtings van tyd tot tyd sal plaasvind, dus het almal dit maar so in die verbygaan aanvaar. Nadat die watertoevoer hervat is, het ons die krane oopgedraai en 'n bietjie water het dadelik uitgeloo, maar toe het die krane begin water en lug uitblaas. Waarom? As gevolg van die herstel van die toevoerpyp was 'n groot gedeelte daarvan sonder water. Nadat die lug egter ontsnap het, het vars water weer by ons huis se waterpyp ingevloei, aangesien die normale diens herstel is.

Ons moderne wêreld het baie verskillende pyplyne – baie produkte bereik hulle bestemmings deur 'n kombinasie van vragkepe, vragvliegtuie, spoorvervoer en vragmotors – figuurlik gesproke almal saam 'n “voorsieningsketting-pyplyn” wat items van vervaardigers na verbruikers neem. Dit begin met grondstowwe wat aan die een kant van die pyplyn ingevoer word en deur komplekse prosesse van vervoer wat vervaardiging, samestelling, sortering, verwerking gaan en wat dan by verskeie punte langs die pyplyn afgelewer word voordat dit verbruikers aan die ander

kant bereik.

Maatskappye wat probeer om kostes laag te hou, het die voorsieningsketting swak asook gekompliseerd gemaak, deurdat elke stap onderling afhanklik van die ander stap is. Dit maak die voorsieningsketting-pyplyn kwesbaar, selfs vir klein ontwrigtings. Wanneer hierdie ontwrigtings die vlakke bereik wat ons sedert die begin van die COVID-pandemie ondervind het, het verskeie faktore wat ons moderne globale voorsieningsketting kompliseer duidelik geraak.

Dink daaraan:

Baie van die wêreld se toevoerlyne het geen surplus personeel nie en min sekondêre opsies is beskikbaar as die toevoeryn van 'n spesifieke komponent onderbreek word.

Wanneer daar betroubare voorsieningskettings is, kan voorraad wat “betyds” beskikbaar is, doeltreffend en teen laer koste bewerkstellig word, maar met onvoldoende voorraad van noodsaaklike onderdele, word vervaardigings-prosesse kwesbaar vir ontwrigting.

Regeringsbeleide wat in die greep van 'n krisis aanvaar word, kan beplanning vir vervaardigers moeilik maak wanneer hulle

moet reageer op groot skommelings in verbruikersaanvraag en soms selfs op tekorte wat veroorsaak word deur oorhaastig opgestelde beleidsrigtings.

Elke skakel in die voorsieningsketting maak staat op die vorige skakel. Wanneer een verskaffer nie sy deel kan doen nie, kan ander verskaffers in die ketting nie hulle gedeelte doen nie, aangesien hulle nie die nodige onderdele kan kry nie. Uiteindelik betaal verbruikers meer vir minder items wat die ketting in staat is om te verskaf. Net soos in die geval van die waterpypleiding in my woonbuurt – sodra probleme opgelos en toevoer herstel is – neem dit tyd voordat goedere hulle bestemming kan bereik.

Die COVID-pandemie

Nadat die COVID-19-pandemie die wêreld vroeg in 2020 getref het, het baie hospitale se intensiewe sorgeenhede vinnig vol pasiënte geraak en regerings regoor die wêreld het inperkings geïmplementeer om die verspreiding van die siekte te vertraag. Produksie van baie goedere en dienste het eenvoudig opgeraak en die aanvraag na sommige produkte soos motors, wat nutteloos vir ingeperkte bevolkings was, het vinnig afgeneem.

Dit het talle verbandhoudende ontwrigtings van interaksie in wêreldwye voorsieningskettings veroorsaak. Vervaardigers van rekenaar-mikroskyfies in Taiwan en Suid-Korea is byvoorbeeld verantwoordelik vir 83 persent van die wêreld se produksie van mikro-verwerkers en 70 persent van die uitset van geheueskyfies. Daardie mikroskyfies is 'n uiters noodsaaklike komponent van baie produkte, met inbegrip van motors. Met die vraag na motors wat in 2020 skerp gedaal het, het vervaardigers van halfgeleiers hulle produksie verskuif om aan ander verbruikersbehoefte te voldoen. As gevolg hiervan – toe die vraag na motors in 2021 die hoogte ingeskiet het – kon motorvervaardigers nie genoeg halfgeleiers koop om genoeg produksie te hervat om aan die oplewing in die aanvraag te voldoen nie. Dit het tekorte aan motors, sowel as hoër pryse vir verbruikers beteken.

Daar was tekorte aan baie soorte produkte. Volgens 'n November 2021-verslag van *Adobe Digital Insights* het aanlynkopers in Oktober 2021 alléén meer as twee miljard boodskappe ontvang vir items wat nie in voorraad was nie. Wanneer ons terugdink aan die analogie van die stukkende hoof waterpyp – was daar “lug in die pyplyn”.

Wêreldwye produksie neem weer toe en nywerheidsbestuurders wat ontmoedig is, hoop om maatreëls te implementeer om voorraadontwrigtings in die toekoms tot die

minimum te beperk. Daar word berig dat China byvoorbeeld 'n voorraad van halfgeleiers opgaar, voordat die verwagte Amerikaanse sanksies die jaarlikse aankope tot \$380 miljard opstoot – wat weer sal bydra tot die wêreldwye tekort in halfgeleiers. Ekonomie hoop dat die pyplyn baie van sy kapasiteit teen laat 2022 sal herstel, maar sommige sektore sal dalk eers in 2023 of 2024 herstel kan word.

Tekorte en nasionale veiligheid

Logistieke, toevoerlyne en grondstowwe kan ernstige nasionale veiligheidskwessies wees. Nasies sal hulle tot oorlog wend ten einde die hulpbronne van kritieke belang vir hulle ekonomieë te verseker. Wat veral kommerwekkend is, is petroleum – soos die wêreld gesien het in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog. Die V.S. was destyds 'n groot petroleum-uitvoerder, maar het 'n verbod op die verskaffing van ru-olie aan Japan geplaas. Baie mense onthou nie vandag dat kwessies rakende die voorsieningsketting 'n belangrike faktor in Japan se besluit was om Pearl Harbor, Maleisië en Thailand aan te val om sodoende die hulpbronne en toevoerlyne te verseker wat noodsaaklik is vir sy heersugtige ambisies nie. Net so was een bepalende motivering met betrekking tot Hitler se besluit om die U.S.S.R. tydens die Tweede Wêreldoorlog aan te val, die Duitse militêre mag se behoefte aan 'n stabiele bron van petroleum uit die Kaukasus.

Europese leiers is gedurende die laaste jare meer bekommerd dat Rusland besig is om die voorsiening van aardgas aan Europa as “wapen” te gebruik om ekonomiese en politieke toegewings te eis. Dit is ook kommerwekkend dat ongeveer 'n derde van die wêreld se skeepvaart deur die Suid-Chinese See vaar. China gaan voort om sy aansprake in daardie streek te militariseer en uit te brei, in wat tans as internasionale waters erken word. Deur militêre beheer oor daardie skeepsroetes te verkry, kan China 'n magtige ekonomiese en politieke hefboom oor wêreldhandel hê. Terwyl China sy vlootmagte versterk, verloor die V.S. beheer oor die wêreld se seepoorte, wat kommer oor strategiese voorrade verhoog.

Oorloë en gerugte van oorloë

Kort voor Sy kruisiging het Jesus Christus Sy dissipels opgeneem na die Olyfberg, wat ongeveer 'n kilometer oos van Jerusalem se Tempelberg oorkant die dal van Kidron is. Vandag kan daardie gebied deur toeriste besoek word en as 'n mens weswaarts oor die vallei na die Tempelberg sou kyk, mag u dalk die profesie van Sagaría onthou wat sê: “Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; ... En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant” (Sagaría 14:2-4).

Terwyl die dissipels oor die dal van Kidron na die Tempel uitgekyk het, het hulle moontlik ook hierdie profesie onthou wat deur Sagaría gegee is. Hulle het vir Jesus gevra: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Matthéüs 24:3-8).

In die laaste boek van die Bybel beskryf Christus verder die wêreldtoestande net voor die ramspoedige gebeure wat Sy Wederkoms sal voorafgaan. Eerstens openbaar Hy 'n wit perd, wat valse Christenskap voorstel wat die wêreld sal mislei. Die volgende wat sal plaasvind is oorloë, wat uitgebeeld word as “'n ander perd, 'n vuurrooie, ... en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.” Kos sal onbekostigbaar raak tydens hongersnood – “'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in

sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.” Uiteindelik kom siekte-pandemies en wydverspreide dood, soos die teks voortgaan: “... kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk [die graf] het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” (Openbaring 6:1-8).

'n Paar jaar gelede kon ons wêreld homself nie 'n wêreldwye pandemie – 'n “pes” – indink wat ons lewenswyse in net 'n paar maande sou verander nie. Min mense sou hulle die voedseltekorte, ontwrigting van voorrade en internasionale spanning wat ons nou sien, kon voorstel. Ons hoor byna daagliks van oorloë en gerugte van oorloë in die nuus en die moontlikheid van oorlog is 'n groot internasionale bekommernis in Europa, die Midde-Ooste, Taiwan en die Suid-Chinese See. Hierdie probleme is *nie* noodwendig die begin van die Groot Verdrukking nie – wat die Bybel sê net voor Christus se Wederkoms sal plaasvind – maar dit gee ons 'n idee van wat in 'n baie kort tydjie in ons onderling verbindende wêreld kan gebeur.

Jesus was baie duidelik met Sy instruksies met betrekking tot diegene wat in die eindtyd leef, wanneer dit alles sou gebeur. Hy het gesê: “Waak dan, want julle

weet nie wanneer die eenaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!” (Markus 13:35-37).

Waarna behoort ons te kyk? Bybelse profesieë wat in die konteks van huidige gebeure gesien word! In die gelykenis van die vyeboom, wat gedurende dieselfde tyd op die Olyfberg gegee is, het Jesus gesê: “En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Markus 13:28-31). Christus se instruksies is *gewis*.

Die *Wêreld van Môre* is toegewy daaraan om u te help om op die uitkyk te wees, om huidige gebeure in Bybelse verband te plaas. Om meer te wete te kom oor naderende, geprofeteerde gebeure, bestel gerus gratis eksemplare van *Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake* en *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig* of lees dit aanlyn by wvm.co.za. 

Vervolg vanaf bladsy 21 – Die tweede perderuiter: Geweld en oorlog

“dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards ... sonder natuurlike liefde [ongevoelig], onversoenlik ... wreed ...” (2 Timótheüs 3:1-5). Dit beskryf wat ons die afgelope jare op 'n wêreldwye skaal gesien het. Op die oomblik is die fokus op die Suid-Chinese See en ons sien hoe Chinese ingenieurs letterlik nuwe Chinese eilande bou om die land se territoriale aansprake uit te brei. Die aandag is ook op die grens tussen die Oekraïne en Rusland gevestig en terwyl bespiegel word of ou etniese spanning in 'n streekoorlog sal ontaard en of Westerse nasies sal ingryp en 'n plaaslike oorlog tot 'n wêreldwye katastrofe sal toeneem. Sal langdurige wantroue tussen Indië en Pakistan in 'n verwoestende kernoorlog uitbreek? Sal Noord-Korea homself as 'n wêreldmoondheid laat geld deur missiele te lanseer wat digbevolkte gebiede kan bereik? Sal toestande in Soedan stabiliseer ná die staatsgreep wat sy regering in Oktober 2021 omvergewerp het of sal dit in groter vernietiging en chaos ontaard?

Ons behoort ook nie die voortslepende sub-nasionale konflikte regoor die wêreld te vergeet nie – van Boko Haram-terroriste regoor Afrika, tot die herlewing van ISIS-selle in Sirië, tot geweld oor “dwelm-baaskap” wat besig is om dele van

Mexiko te verwoes – die lys is eindeloos. Nog nooit tevore kon so betreklik min individue, gewapen met die nuutste wapens, groter invloed uitoefen, baie meer as hulle getalle nie, wat hele streke – of selfs ons hele planeet – in gevaar stel!

Is dit dan enigsins 'n wonder dat die volke van die wêreld so ontvanklik sal wees vir 'n magtige geprofeteerde wêreldleier wat sal belooft om die wêreld te beskerm teen soveel onrus? Wat sal egter van sulke beloftes word? In 'n ander eindtydse profesie voorspel Paulus dat “die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag [onverwags]. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle” (1 Thessalonicense 5:2-3). In onlangse dekades het ons vredeskonferensies, gebede vir vrede en optogte vir vrede gesien – tog word die wêreld elke dag gevaarliker! Dit is presies wat Jeremia meer as 2,500 jaar gelede voorspel het. In profesieë wat van toepassing is op Jeremia se tyd asook die toekomst, skryf hy dat “van die profeet tot die priester, pleeg hulle almal bedrog ... en sê: Vrede, vrede! terwyl daar geen vrede is nie” (Jeremia 6:13-14; 8:10-11).

Soos die dae van Noag

Jesus waarsku teen ander toestande wat algemeen sal voorkom net voor Sy Wederkoms. Alhoewel Hy waarsku dat

niemand “die dag of die uur” van Sy koms sal weet nie, waarsku Hy dat “net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Matthéüs 25:13; 24:36-39). Die Skrif openbaar dat in die dae van Noag, was “die aarde ... vol geweld ... alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe” (Génesis 6:11-13).

Ons moderne samelewing is deurtrek met geweld – in ons huise, ons skole, ons “vermaak” en oral op die wêreldtoneel. Jesus verduidelik dat as gevolg van toenemende geweld, oorlog en onsedelikheid, “... en as daardie dae nie verkort was nie [deur die Wederkoms van Christus], sou geen vlees gered word nie” (Matthéüs 24:21-22). Jesus het duidelik die gevaar van menslike uitwissing verstaan, wat met die koms van die atoombom, in die middel van die twintigste eeu, 'n werklike bedreiging geword het!

Die gevaar het voortgeduur tot in die een-en-twintigste eeu en het tot nuwe vlakke die hoogte ingeskiet ná die aanvalle van 11 September 2001 op V.S. grond. “In die twee dekades sedert die 9/11-aanvalle is die *2001-Authorization for use of Military Force (AUMF)* formeel heringestel om optredes teen terrorisme te regverdig – met inbegrip van grondgevegte, lugaanvalle, aanhouding en die ondersteuning van vennootskap tussen weermagte – in 22 lande ... gedurende daardie

Vervolg op bladsy 20

Wanneer 'n geliefde sterf

Deur Rod McNair

Het u al getreur oor die dood van iemand ná aan u? Voel u steeds die pyn van 'n verlies van lank gelede? Miskien het u selfs hierdie vraag gevra: Indien God goed en almagtig is, waarom kry ek so swaar? Die goeie nuus is dat u die dood – selfs u eie – met onverskrokkenheid, moed en hoop kan trotseer.

Nie lank gelede nie is 'n dierbare vriend en kollega van my oorlede en ek is gevra om 'n paar woorde by sy begrafnis te sê. Ek het dit altyd as 'n uitdaging beskou maar ook as 'n groot voorreg om te praat ter ere van die nagedagtenis van iemand wat gesterf het. Die lewe is 'n kosbare geskenk. Veral wanneer 'n mens 'n lang en vol lewe geleef het, is daar soveel dinge om te sê. Sy of haar lewe is soos 'n diamant wat skitter wanneer mens dit draai. 'n Mens sien ervarings, eienskappe, kwaliteite van krag en ja, selfs 'n paar swakhede. Dit is die opsomming van 'n lewe; hoe vat 'n mens dit saam in 'n paar minute? Dit is nogtans 'n eer om in so 'n tyd ter nagedagtenis van 'n dierbare vriend of geliefde te praat.

Wanneer 'n geliefde sterf, treur ons. Baie mense sukkel om deur die moeilike tyd van verlies te kom. Veral in hierdie tye van soveel erge siektes – wanneer die dood jonk en oud, gesond en swak bedreig – hoe kan ons dit hanteer?

Daar is baie antwoorde op daardie vraag – maar gereelde lesers van hierdie tydskrif weet dat ons aan die Bybel vashou as die Waarheid, die Woord van God. Dit is nie net 'n Boek van geskiedenis en profesie nie; dit

bevat die antwoorde op die groot vrae van die lewe. Wanneer ons leiding soek oor die dood en die hartseer wat die verlies van 'n geliefde meebring, behoort ons op God se Woord te fokus. Ons eerste en belangrikste sleutel tot die hantering van die dood van 'n geliefde is dus:

#1. Wend u tot die Bybel vir vertroosting, hoop en antwoorde.

'n Man met die naam Job het duisende jare gelede geleef. Job is erg getref deur baie opeenvolgende beproewings. Hy het geliefdes – sy seuns en dogters – tragies in een dag verloor. Hy was in 'n stryd gewikkel om te verstaan en het selfs vir God vir sy probleme blameer. Die verlies het sy geloof tot in sy diepste wese geskud. Op die ou einde het hy egter sy vertrouwe in God gestel en oor die hoop van die opstanding nagedink: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang” (Job 14:14-15).

Job het geglo in die “verandering” wat sou kom – die opstanding uit die dood. Hy het

geglo dat die tyd sou aanbreek vir die dooies om op te staan in reaksie op God se roepstem. Inderdaad, u kan van die begin tot aan die einde van die Bybel lees en u sal die bevestiging van lewe na die dood vind. Ons huidige lewe is *nie die einde nie*.

Terwyl Jesus op hierdie aarde was, was Hy God in die vlees. Wat het Hy oor lewe en dood gesê? Let op: “Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling” (Johannes 5:28-29).

Jesus het gesê daar is 'n toekoms ná die dood. Dit is die woorde van die Seun van God Self. Hy Self het reeds uit die dood opgestaan. Die apostel Paulus het oor Christus se lewe na die dood geskryf: “As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?” (1 Korinthiërs 15:12).

Ten spyte van Jesus se opstanding, glo baie mense stéeds nie. In elke tydperk was daar diegene wat getwyfel het. Paulus het tog verduidelik dat die opstanding van Jesus

Christus 'n getuienis was vir honderde mense wat dit aanskou het. Baie van hulle het nog geleef toe Paulus die volgende geskryf het: “Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfás verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het” (1 Korinthiërs 15:3-6).

Oordink Paulus se woorde. Hy het gesê dat terwyl hy geskryf het, het honderde broeders geleef wat Christus gesien het ná Sy opstanding en nog steeds daar was om daarvoor te praat. Indien u nie seker is of u die Bybel kan glo nie, hou dan hierdie getuienis in gedagte. Indien dit nie waar is nie, sou Paulus werklik so 'n onbeskroomde stelling gemaak het? Indien Jesus Christus nie werklik opgewek is nie, waarom sou Paulus sy reputasie op die spel plaas? Waarom sou Paulus – sowel as die ander Apostels, later hulle lewens opgeoffer het eerder as om daarteen te preek?

Paulus kon selfs met groot vrymoedigheid sê: “Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins” (Filippense 1:21). Omdat hy geweet het dat hy na die dood by Christus sou wees, het hy geleef as een wat Christus met vertroue in die lewe kon verkondig. Het u en ek daardie

selfvertroue?

Ons weet die Bybel gee aan ons waarheid en hoop, maar ons is steeds vlees-en-bloed sterflinge wat diep geraak word deur die verlies van geliefdes. Sommige mense wat treur voel vasgevang, asof hulle nóóit oor die verlies sal kom nie. Die Bybel is besonders deurdadig dat dit ons 'n kykie gee van wat ná die dood gebeur en wanneer ons 'n man, 'n vrou, 'n kind of 'n goeie vriend verloor, kan ons ons na die Bybel wend vir bemoediging en vertroosting, want waar anders kan ons regte antwoorde kry?

Ons treur en ons is hartseer. Ons voel hartseer en voel dalk 'n volslae leegheid. Alhoewel ons in die versoeking kan kom om in onself terug te trek, is 'n belangrike tweede sleutel om die dood van 'n geliefde te verwerk:

#2. Reik uit na ander wat omgee en wat kan help.

Mense het oral tradisies en seremonies om die dooies te eer en die lewendes te troos. Dikwels kom familie en vriende bymekaar om te ondersteun en te bemoedig. Huldeblyke oor die oorledene kan gegee word deur diegene wat na aan die persoon was. Ons is hartseer tydens die geleentheid en mag tranes stort – maar aan die ander kant is dit genesend en terapeuties om van die lewe, prestasies en selfs 'n humoristiese staaltjie of twee oor 'n geliefde te vertel.

Ek word altyd geraak wanneer ek 'n begrafnis bywoon en iets dieper leer oor 'n ander persoon se lewe. Dit is insiggewend om te hoor wat 'n

seun, kleindogter of ander familielid vertel oor wat vir hulle of vir hulle geliefde belangrik was. Daardie herinnerings is kosbaar en veral betekenisvol wanneer dit gedeel word deur iemand wat die persoon goed geken het. Dit behoort gedeel te word. Alhoewel die proses ietwat pynlik is, vind ons almal baat by die verhale van 'n kind van God wat sy of haar wedloop voltooi het.

Soms wil mense wegkruip tydens rou en hartseer en sodoende onttrek hulle hul dikwels van individue in hulle lewe wat hulle die meeste sou kon help. Om deur mense omring te wees wat vir ons lief is, help geweldig baie wanneer ons die rouproses verwerk. Wanneer iemand sterf, is dit nodig dat ons die pogings van ander mense aanvaar wat ons wil troos. Hulle weet dalk nie altyd wat om te sê nie en daar kan dalk ongemaklike oomblikke wees, maar hulle probeer help en dit is goed om daardie hulp te aanvaar. Die pandemie het isolasie meer akuut en pynliker gemaak. As mense hét ons mekaar nodig! Dit is besonder waar gedurende tye van smart en verlies.

Indien u iemand is wat iemand anders wil troos, wees versigtig dat wanneer u uitreik na die een wat treur, u daardie persoon die tyd en ruimte gun om te treur. Prediker 3 herinner ons dat daar 'n tyd is om te treur, te ween en om stil te bly. Daar is selfs 'n tyd om te sterf maar dit is egter nie al wat daar is nie. Daar is ook 'n tyd om te omhels, om lief te hê en te genees. Wanneer u uitreik na diegene wat treur,

maak seker dat u dit doen om hulle te help om deur *hulle* smart te werk en met die proses van genesing te help – nie net om usêlf beter te laat voel nie.

In die Evangelies is dit opgeteken dat Jesus geweene het toe Sy vriend gesterf het. Ons lees: “Toe Jesus haar [Maria] dan sien weene en die Jode wat saam met haar gekom het, ook sien weene, het Hy geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel en gesê: Waar het julle hom neergelê? Hulle sê vir Hom: Here, kom kyk. Jesus het geweene” (Johannes 11:33-35).

Dit is moontlik dat Jesus hartseer was as gevolg van die gebrek aan geloof rondom Hom (vers 53). Tog is dit redelik om te glo dat, aangesien Hy 'n vriend van Lasarus was (vers 11) en na aan sy familie was, Hy ook geraak was en hulle hartseer gedeel het.

Soms kan ons as volwassenes vergeet dat kinders en tieners ook droefheid ervaar wanneer hulle 'n grootouer of ander familielid sien sterf. Hulle kan dalk verward wees oor wat besig is om te gebeur, veral as hulle baie jonk is. Sommige kinders kan dalk deur hulle eie emosies verwar word. Ander kinders wys dalk nie eers emosie nie. Hulle mag as gevolg van hulle gevoelens onvanpas optree en hulle swak gedra. Baie webwerwe gee raad om jongmense te help om te rou, maar hulle raad kan ook van toepassing wees vir baie van ons as volwassenes. Hier is

een webwerf se voorstelle:

1. Gee uitdrukking aan gevoelens en vind ondersteuning

Indien u 'n jong persoon is wat hierdie artikel lees en u het iemand aan die dood afgestaan, moenie bang wees om uit te reik na ander mense wat omgee nie. Wees sterk – u kán hierdeur kom. Bly besig en reik uit na u ouers, onderwysers en ander volwassenes wie u kan vertrou.

2. Vind betekenis

Tye van hartseer en lyding kan ons aanspoor om die groot vrae van die lewe te vra: *Waarom is ek hier? Waarvoor gaan dit alles?* Moenie wegstroom van hierdie vrae nie. In die proses om te soek na antwoorde, sal u ook vertroosting vind.

3. Versorg uself

Dit is maklik om die gewoontes wat ons sterk en gesond hou te laat vaar. Ons kan dalk sleg slaap. Ons kan dalk belangstelling in oefening verloor. Ons is dalk minder versigtig wat ons eetgewoontes aanbetref. Om uself egter fisies te versorg, is in werklikheid noodsaaklik om deur 'n tyd van rou te werk.

(“*Death and Grief*,” *KidsHealth.org*)

#3. Wend 'n poging aan om die doel van die lewe te verstaan.

Die artikel waaruit ons sopas gelees het, herinner ons daaraan om betekenis in die lewe te vind. Waarlik, om die dood te verstaan, moet ons eers die sin van die *lewe* verstaan. Waarom is ons hier? Wat beteken die menslike lewe? Is die evolusioniste reg? Is u die resultaat van miljarde proteïene wat net toevallig deur 'n weerligstraal getref is en wat daartoe gelei het dat alles harmonieus en perfek saamwerk?

Die waarheid is dat ons kinders van God is. Ons is na Sy beeld gemaak. In die eerste hoofstuk van die eerste Boek van die Bybel lees ons: “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Génesis 1:26-27).

Besef u wat dit beteken? Dit beteken *u lyk soos God*. Verstaan egter dat Hy in Sy verheerlikte toestand vir ons helderder as die son sou wees. Ons kan Hom nie sien en bly leef nie. Indien ons egter na Hom in die geestelike ryk *kon* kyk, sou ons iemand sien wat soos ons lyk, want ons lyk soos Hy!

Hoe seker kan ons wees? Bedink hierdie Skrifuur: “Toe Adam honderd-en-dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek

Vervolg op bladsy 20

Godsdien:

Kanada se vier-letter woord

Deur Stuart Wachowicz

Wat word openbaar van ons samelewing wanneer “godsdien” 'n vloekwoord, selfs tussen godsdienstiges, geword het

“Aangesien Kanada gefundeer is op beginsels wat die oppergesag van God en die gesag van die reg erken ...” So lui die aanhef tot die Kanadese handves van Regte en Vryhede wat minder as 40 jaar gelede in 1982 geskryf is. Terwyl baie mense destyds die noodsaaklikheid om God in 'n fundamentele regering-dokument in te sluit, bevraagteken het, sou dit dwaas wees om te dink dat so 'n aanhef vandag in Kanada geskryf sou word. Die afname van godsdienstigheid is vir baie mense 'n gunstelingonderwerp en dit is die moeite werd om ondersoek te word. Laat ons 'n oomblik vertoef om die huidige stand van geloof in 'n nasie te ondersoek waar “godsdien” 'n vloekwoord geword het.

In April 2017 het die Angus Reid Instituut, moontlik die mees gerespekteerde meningspeilingsagentskap in Kanada, “*A Spectrum of Spirituality: Canadians keep the Faith to Varying Degrees, but Few Reject It Entirely*”, vrygestel, met inbegrip van hulle eie siening van godsdien self. Die resultate is nogal veelseggend. Terwyl die opkoms van ateïsme en die afname in geloof nie so verrassend is nie, is die aantal individue wat as nie-gelowiges

beskryf word, eintlik minder as die totaal wat as godsdienstig toegewyd beskryf word.

Onsekerheid is oral

Die studie, met die titel “*A Spectrum of Spirituality: Canadians Keep the Faith to Varying Degrees, but Few Reject It Entirely*”, het geloof in vier verskillende kategorieë verdeel: Nie-gelowiges (19%), geestelik onseker (30%), privaat gelowiges (30%) en godsdienstig betrokke (21%). Wanneer hulle moontlik die mees basiese vraag in terme van godsdien gevra is, “Glo jy dat God of 'n hoër mag bestaan?”, het die meerderheid van diegene wat as geestelik onseker (87%) en privaat gelowiges (57%), met onseker antwoorde gereageer. Hulle het gesê: “Ja, ek dink so” of “Nee, ek dink nie so nie”, in teenstelling met die meer besliste antwoorde van “Ja, ek glo beslis” of “Nee, ek glo beslis nie”.

Hierdie toename in onsekerheid het 'n geweldige impak op die gewoontes van Kanadese. Indien mens onseker is oor die bestaan van 'n opperste arbiter van die waarheid, word dit al hoe makliker om waardes wat voorheen volgehou is te laat vaar. Terwyl “Christelikheid” die grootste godsdienstige identifikasie in Kanada

bly, sal u verbaas wees om die identiteit van die tweede te leer. Laura Stone, skryfster vir *Global News*, verklaar dat “bykans 'n kwart van Kanada se bevolking **geen godsdienstige affiliasie het nie**” (beklemtoneing ons eie), (“*The second-largest religious faith in Canada? Nothing*”. *Global News.ca*, 8 Mei 2013). Dit is belangrik om kennis te neem dat “niks” hier nie net diegene insluit wat die bestaan van 'n Skepper verwerp nie, maar ook diegene insluit wat net kies om nie met enige godsdienstige geloof te identifiseer nie. Om te identifiseer met 'n spesifieke godsdienstige organisasie beteken gewoonlik om 'n stel waardes met ander mense van dieselfde geloof te deel. Die verwydering van daardie verband het 'n toename in die aantal Kanadese veroorsaak wat praktyke aangeneem of aanvaar het wat hulle andersins as immoreel sou beskou het.

Met verwysing na die afname van godsdienstige affiliasie, verklaar die *Pew Research Center* dat “die opkoms van die 'onbelangrikes' in Kanada gepaard gaan met 'n aansienlike daling in godsdienstige toewyding van die Kanadese publiek ...” (“*Canada's Changing Religious*

Landscape", 27 Junie 2013). Hierdie daling in godsdienstige toegewydheid is die duidelikste waarneembaar in die skerp afname in bywoning van godsdienstige byeenkomste, behalwe met troues en begrafnisse. Dieselfde navorsing toon dat, so onlangs soos 1986 – vier kort jare na die erkenning van "die oppergesag van God" as 'n

fundamentele beginsel van die nasie – het 43% van die Kanadese minstens een keer per maand 'n godsdienstige erediens bygewoon. Teen 2017 het die getal na minder as die helfte gedaal. Nou woon slegs 20% van alle Kanadese minstens een keer per maand eredienste by. Selfs onder diegene wat as godsdienstig

toegewy beskou word, is gereelde bywoning slegs 69%.

Met kerkbywoning wat aan die afneem is, is dit dan 'n verrassing dat Kanada se kennis van die Bybel vinnig verdwyn? "Oor die algemeen het godsdienstige geletterdheid onder Kanadese dramaties afgeneem. Twintig jaar gelede kon ongeveer die helfte van die

Vervolg op bladsy 10

Vervolg vanaf bladsy 7 – Onderwysing of indoktrinerings?

nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:3-4).

Sodanige vrede sal slegs na die wêreld kom deur ware opvoeding in die toekomstige Koninkryk van God. U as

Christen kan egter nou daardie vrede hê. 'n Omwenteling in onderwys sal binnekort na die hele wêreld kom, maar u kan dieselfde in u eie lewe hê deur u Bybelstudie die basis van al u

ander studies te maak. Soos Jesus Christus sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Johannes 14:6). Daardie Waarheid sal u lewe vir altyd verander. **WvM**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 17 – Wanneer 'n geliefde sterf

na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem” (Génesis 5:3). Dit is dieselfde frase – *gemaak in sy eie gelykenis, na sy beeld* – wat in Génesis 1 beskryf hoe dat God die mensdom geskape het. Dus het ons geen probleem om te verstaan dat Set soos sy pa Adam en sy ma Eva, gelyk het nie. Waarom is dit so moeilik om te glo dat ons na die beeld van God gemaak is – dat ons, indien ons God kon sien, sou sien dat ons soos Hy lyk?

Dink hieraan: Dit beteken dat ons op 'n totaal ander vlak as diere bestaan. Ons is gemaak om 'n verbintenis met God te hê, wat ons 'n doel en eindbestemming gee wat soveel groter as dié van enige dier op aarde is. Daar *is* 'n doel met hierdie lewe. Hierdie lewe is 'n tyd om in karakter te groei – God se karakter. Ons is hier om God en Sy doel te verstaan en ons harte na Hom te wend. Uiteindelik gee Hy ons die geleentheid om saam met Hom

in die geestesryk – in Sy Gesin – vir ewig te leef. “KYK wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is” (1 Johannes 3:1-2). **WvM**

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 14 – Die tweede perderuiter: Geweld en oorlog

selfde tyd het die aantal terreurgroepe wat Amerikaners en Amerikaanse belange bedreig, volgens die V.S. Staatsdepartement, meer as verdubbel ... Die 2001 AUMF is ... reeds deur Biden heringestel om 'n onbekende aantal militêre sendings in 12 lande te dek: Afganistan, Kuba, Djiboeti, Irak, Jordanië, Kenia, Libanon, Niger, die Filippyne, Somalië en Jemen” (“*The war on terror is going great – for terrorist groups,*” *BusinessInsider.com*,

6 Januarie 2022). Vrede? Daar is geen vrede nie!

Ons leef *verseker in* gevaarlike tye, maar daar is nie net slegte nuus nie! Jesus sluit Sy profesieë oor die einde van hierdie tydperk op 'n positiewe noot af en sê: “En as hierdie dinge begin gebeur, ... moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is” (Lukas 21:28-31). In die dae van Noag het God ingegryp met 'n vloed om 'n einde te maak aan menslike korrupsie en geweld, maar Hy

het Noag en sy gesin gered om die aarde te herbevolk. In die jare wat voorlê, sal God weereens ingryp om 'n einde te maak aan korrupte menslike gedrag en wêreldwye geweld. Alhoewel die tweede perderuiter van die Apokalips verskriklike vernietiging op die aarde voorspel, sal hy ook die glorieryke toekomstige heerskappy van die Verlosser, Jesus Christus voorafgaan! **WvM**

Die tweede perderuiter: Geweld en oorlog

Deur Douglas S. Winnail

Ons leef tans in baie gevaarlike tye. Is dit egter net die begin? Wat sê die Bybel oor geweld wat nog voorlê? Baie belydende Christene het die idee dat Jesus Christus enige oomblik kan terugkeer – dalk selfs vannag. Die Bybel sê egter iets anders. Jesus het vir Sy dissipels spesifieke profesieë gegee en vir hulle gesê om op die uitkyk te wees vir die vervulling daarvan, want Sy Wederkoms sal voorafgegaan word deur tekens – herkenbare neigings en gebeure.

Een daarvan word uitgebeeld deur die tweede perderuiter van die Apokalips, wat beskryf word in die boek Openbaring. Die Skrif waarsku dat teen die einde van hierdie tydperk hierdie perderuiter – op 'n vuurrooi perd – uitkom, “en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee” (Openbaring 6:3-4).

Die dissipels het vir Jesus gevra: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Matthéüs 24:3) en Hy het vir hulle gesê: “En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë ... een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk

teen die ander; ... Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Matthéüs 24:6-8; Markus 13:7-8; Lukas 21:8-10). Alhoewel oorloë beslis deur die geskiedenis heen gewoed het, is daar geen twyfel dat die omvang en grootte van oorlogvoering in die twintigste eeu ongekende vlakke bereik het nie.

Ongekende konflik

Die geskiedkundige Philippe Gigantès het hierdie opsomming van die twintigste eeu gegee: “Daar was twee wêreldoorloë; 'n koue oorlog; baie kleiner oorloë; een groot depressie; twee monsterregerings en hulle ondergang – nazisme en kommunisme; dekolonisasie; massamoorde; oorlogsvliegtuie en atoombomme” (*Power and Greed*, bl. 187). Die dodetal van die Eerste Wêreldoorlog was meer as 8,5 miljoen; dié van die Tweede Wêreldoorlog was meer as 14 miljoen soldate en 27 miljoen burgerlikes. Boonop het Joseph Stalin en Mao Zedong elk miljoene der miljoene van hulle eie landgenote vermoor toe hulle kommunistiese state gestig het. Nog nooit tevore het oorloë op 'n globale skaal plaasgevind wat soveel lewens geëis het nie.

Jesus se voorspelling dat een “natie sal teen die ander

opstaan en die een koninkryk teen die ander” (Matthéüs 24:7) is 'n akkurate beskrywing van wat vandag besig is om te gebeur. Die Bybelse Griekse woord vir nasie – *ethnos* – verwys na 'n volk, ras, stam of etniese groep. Die Bybelse Griekse woord vir koninkryk – *basileia* – beteken 'n nasie, gebied of ryk. Jesus het geprofeteer dat etniese twis en oorloë tussen nasies die nuus aan die einde van hierdie tydperk sou oorheers.

Professor Samuel Huntington van die Harvard-universiteit het die bekende opmerking gemaak: “Die sentrale en gevaarlikste dimensie van die opkomende wêreldpolitieke konflik tussen groepe sal tussen verskillende beskawings wees. Die wedywering tussen supermoondhede word vervang deur die botsing tussen beskawings ... tussen mense wat aan verskillende kulturele groepe behoort ... Botsings tussen beskawings is die grootste bedreiging vir wêreldvrede” (*The Clash of Civilizations*, bl. 13, 28, 321). Godsdienstige en etniese twis is die kern van baie van die gewelddadige botsings gedurende die afgelope dekades.

Gevaarlike tye lê voor

Die apostel Paulus waarsku

Vervolg op bladsy 14

Omdat Hy opgestaan het, vier ek nie Paasfees nie

Deur Wallace G. Smith

***Kan ons werklik ons Verlosser eer deur Sy voorbeeld en leerstellings te verwerp?
Behoort Christene aangemoedig te word om 'n heidense fees te vier?***

Ek glo in die opgestane Jesus Christus, die Seun van God, Verlosser van die mensdom. Ek glo dat Hy na die Pasga en na Sy kruisiging, vir drie dae en drie nagte in die hart van die aarde was – soos Hy gesê het Hy sou wees. Ek glo dat Hy daarna deur Sy Vader opgewek en herstel is tot die heerlijkheid wat Hy met Sy Vader gehad het, voordat die wêreld was.

Hy was die volmaakte Pasgalam. Hy het ook die volmaakte beweegoffer gerf geword, wat deur Sy Vader as die eerste van die eersteling aanvaar is. In Sy opstanding sien ek die bevestiging van die belofte aan almal wat Hom werklik volg, dat hulle ook eendag uit die dood opgewek sal word om vir ewig te leef, net soos Hy nou doen.

Gevolglik vier ek nie Paasfees nie.

Hoe kan ek so 'n stelling maak? Dit mag dalk nie sin maak vir diegene wat Paasfees as vanselfsprekend aanvaar as 'n viering van die opstanding van Jesus Christus nie. Enige onbevooroordeelde blik op die geskiedenis van die Paasfees [*Easter*] vakansiedag en die gebruike wat daarmee saamgaan, sal duidelik openbaar dat die viering van Paasfees van die heidense oorsprong is, wat lank gelede in “Christelike” godsdiens ingebring is, namate gevestigde Christene al hoe meer begin nalaat het om “kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Judas :3).

Die meeste mense wat hulleself vandag “Christene” noem, is onbewus van hoe “Christelikheid” oor die jare heen “ontwikkel” het – selfs in die heel eerste eeue van sy

bestaan. Ons kan byvoorbeeld van Polycarpus en Anicetus van ouds praat, van Polycrates en Victor en hoe die Kerke van die Ooste daarna gestreef het om die Apostels se gebruike van die Pasga en die Dae van Onge-suurde Brood te onderhou. Polycrates het van die apostels Philippus en Johannes en andere gepraat wat “altdag die dag onderhou het wanneer die mense die suurdeeg uitsit”, in teenstelling met Rome se korrupsie en andere wat die Christelike leer met heidense praktyke wou vermeng. Die geskiedenis van dit alles is verseker fassinerende leesstof.

Die geskiedenis is egter nie Skrif nie. Dit is die Bybel, die Woord van Jesus Christus, wat my oortuig om nie Paasfees te vier nie. My menslike verstand kan met baie redes te voorskyn kom om die Bybel te ignoreer en

Vervolg op bladsy 26

Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde

ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade ge-smaad het?”

God bied genadiglik ver-gifnis aan diegene

wat dit begeer en hulle bekeer, nie aan diegene wat Hom bewustelik en opsetlik teëstaan nie. 'n Opsetlike, bewustelike minagting teenoor God se Heilige Gees is poten-sieel 'n ramspoedige houding om te hê. Indien u meer wil weet oor wat die onvergeeflike sonde werklik is, besoek ons aanlyn by wêreldvanmôre.org en lees daar “*Are You Unforgivable?*” Kyk ook na “*This One Sin Cannot Be Forgiven*”. 

Vrae & Antwoorde

Wat is laster teen die Heilige Gees?

Vraag: In Matthéüs 12:32 sê Jesus Christus: “En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie.” Waarom sou godslastering vergewe word wanneer dit Christus raak, maar nie wanneer dit die Heilige Gees raak nie?

Antwoord: God neem godslastering baie ernstig op en dit is een van die menslike verdorwenhede wat ons beveel word om uit te roei. In Kolossense 3:5-8 sê Paulus vir ons: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, *naamlik* hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is ... *naamlik* toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.”

In die Ou Testament word die woord “godslastering” vertaal van die Hebraëuse woord *n'atsah*, wat letterlik beteken om te minag. Die woord *naqab* word ook met “lastering” vertaal. Alhoewel dit letterlik beteken om deur te prik of te deurboor, kan dit ook in 'n figuurlike sin gebruik word. In die Nuwe Testament beteken die Griekse woord *blasphémeó* dieselfde. In 'n moderne sin sluit godslastering veragting, verontagsaming, disrespek of selfs vyandigheid teenoor God in.

In antieke Israel is godslastering swaar gestraf. God het vir Moses gesê: “As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra. En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word” (Levítikus 24:15-16).

Hoe hou godslastering dus verband met ons vandag? Dit is duidelik dat dit godslasterlik is om God te vloek, te belaster of te beswadder en behoort nóóit gedoen te word nie. Die gebruik van vervangingswoorde soos “jislak” of “jissie” of “jo” is ook 'n vorm van godslastering. Hierdie woorde mag dalk onskadelik lyk, maar dit toon disrespek teenoor God se Naam en oortree die derde Gebod (Exodus 20:7).

Christus verduidelik dat godslastering, soos al

ons sondes, vergewe kan word. Hy sê: “Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het” (Markus 3:28).

Trouens, dit is moontlik vir mense om God te belaster sonder dat hulle dit eers besef.

Dit is deel van wat Christus beskryf het toe Hy gesê het: “En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word” (Matthéüs 12:32). Wanneer die mense in Christus se tyd Hom gesien het, het hulle 'n mens gesien; hulle het Hom nie in al Sy vorige heerlijkheid en glorie gesien nie. In Sy nederigheid het Hy dit verstaan en hulle laster, naamskending en selfs vyandigheid vergewe.

Matthéüs 12:32 en Markus 3:29 verwys na die bewuste laster wat dreig om 'n mens buite die bereik van vergifnis te plaas. Waarheen is mense op pad wanneer hulle weet wat goed is en dit sleg noem, soos die Fariseërs gedoen het toe hulle doelbewus en opsetlik die regverdige werk van die Heilige Gees as die werk van Satan die duivel bestempel het (Matthéüs 12:24)? Ons vind die antwoord in Hebreërs 10:26-29:

“Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder

Vervolg op bladsy 22

Die derde perderuiter: Ongekende hongersnood lê voor

Deur Douglas S. Winnail

U Bybel waarsku dat ongekende tekorte aan voedselvoorrade voorlê – selfs in vooruitstrewende Westerse lande. Hoe kan u uself voorberei? Waarskuwings oor hongersnood klink dalk onsinig vir welgestelde, oorvoede nasies in Wes-Europa, Noord-Amerika en ander “Eerste Wêreld”-lande, waar vetsug 'n toenemende probleem is. Trouens, groot groepe mense ly daaglik honger en hongersnood is pynlike feite van die lewe. Terwyl baie godsdienstige leiers oor liefde, vrede en verdraagsaamheid praat, sien hulle nie – of verstaan hulle nie die betekenis van die tragiese gebeure wat lank gelede geprofeteer is en wat vandag gestalte aanneem nie.

Jesus Christus waarsku dat kort voor Sy geprofeteerde Wederkoms, die wêreld toenemend erge hongersnood op 'n wêreldwye skaal sal beleef (Matthéus 24:3-8; Markus 13:8; Lukas 21:11). Die apostel Johannes simboliseer hierdie hongersnood met sy bekende derde perderuiter van die apokalips, wat op 'n swart perd ry en 'n weegskaal dra – 'n instrument om koring en ander graan te weeg wat te koop is (Openbaring 6:5-6). Hierdie geprofeteerde hongersnood – saam met siektes, natuurrampe

en dodelike wêreldwye oorlogvoering – sal die dood van een-kwart van die wêreld se bevolking veroorsaak.

Vir baie moderne mense klink dit dalk na morbiede wetenskapfiksie of die bangmaaktaktiek van 'n skrikaanjaer. Hierdie is 'n onderwerp waaroor die nuwerwetse, “voerspoedteologie” nie graag praat nie. Vir baie mense in die ontwikkelde Westerse lande is “voedsel-skaarste” deesdae weinig meer as 'n kwessie van 'n voorsieningsketting wat beteken dat daar net een vleissnit in die supermark is of dat daar vyf soorte rys beskikbaar is in plaas van tien soorte. Min mense verbind die probleem met die woorde van die Skrif.

Die waarheid behoort egter ons oë oop te maak. Werklike wêreldwye toestande toon dat ons wêreld begin lyk soos wat die Bybel lankal reeds voorspel het. Vir dekades het Westerse noodlenigings-agentskappe en die Verenigde Nasies die meeste van hulle pogings gerig om voedselverligting te voorsien met betrekking tot hongersnood regoor Afrika. Voedselonsekerheid het nogtans in meer onlangse jare na ander streke uitgebrei. Gedurende 2022 het die V.N. die wêreld se aandag gevestig op ernstige voedseltekorte wat bevolkings in Afganistan, Haïti

en Jemen raak (“*Food insecurity soaring across 20 hunger hotspots,*” *News.UN.org*, 27 Januarie 2022).

Hongersnood sal na die Weste uitbrei

Dit is ontugterend om te beseft dat Bybelse profesieë waarsku teen ernstige voedseltekorte wat in meer welvarende Westerse lande sal voorkom. Lank gelede het God vir die opstandige huis van Israel gesê: “'n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom; en 'n derde deel sal deur die swaard rondom jou val; en 'n derde deel sal Ek na al die windstreke verstrooi, en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek” (Eségiël 5:12). Die gebrek aan reën en die daaropvolgende droogte sal groot faktore wees wat bydra tot hierdie haglike omstandighede (Levítikus 26:19-20; Deuteronómium 28:23-24).

Wydverspreide droogtes en gebrek aan reën is nie die enigste oorsake van huidige hongersnood nie. Swaar of wisselvallige weer, wat verband hou met klimaatverskynsels soos *El Niño* of *La Niña*, kan stortreën, vriesende koue en tornado's veroorsaak wat oeste beskadig en voedseltekorte tot gevolg kan hê. Oorloë wat boere van hulle grond af

verdryf, verminder voedsel-produksie, ontwig verspreidingsstelsels en vernietig opgebergde voedsel. Politieke teenstanders word dikwels toegang tot voedselvoorrade ontnem. Bewerkbare grond het 'n instrument geword vir politieke invloed in sommige lande wat in die nood is, deurdat bevoordeelde partye of groepe toegang vir opponente geweier het.

Strukturele veranderings wat deur die Wêreldbank of die Internasionale Monetêre Fonds op lande met groot skuld afgedwing word, veroorsaak ook hongersnood toestande in dele van die samelewing. Nasies wat “aangemoedig” word om gewasse vir kontant-uitvoer te verbou, in plaas daarvan om voedsel te verbou, bevind dikwels dat hulle nie in staat is om hulleself te kan voed nie. Die verplasing van plattelandse bestaansboere deur groot korporasies laat ook baie mense in armoede en hongersnood beland.

Terwyl politieke en maatskaplike gevegte oor “klimaatsverandering” voortduur en dit betwis word of onlangse klimaatuiterstes net deel van 'n natuurlike kringloop is of vererger word deur die mensdom se swak rentmeesterskap oor die planeet, is die koste verbonde aan die agteruitgang van die natuur geweldig hoog en moet uiteindelik betaal word! Visvoorrade in die wêreld se oseane is ernstig besig om af te neem as gevolg van verwoesting deur moderne fabriek se visvang tegnieke. Vleis word al

hoe duurder om te produseer, wat lei tot die geweldige toename in belangstelling van “plantgebaseerde” vervangings onder die druk van omgewingsbewustes, sowel as deur die multinasionale korporasies wat uit die krisis wil baat.

Misleide regeringsbeleide wat deur droogte vererger is, het in die verlede verwoestende hongersnood veroorsaak en soos dit geprofeteer is, gaan hulle vandag daarmee voort, met tekens dat hongersnood sal vererger. In 1932-1933 het daar na raming vyf miljoen boere in die Oekraïne weens hongersnood gesterf wat veroorsaak was deur die Sowjet-leier Joseph Stalin se beleid van gedwonge sosialisering van bewerkbare landerye. Hoeveel Oekraïners kan selfs in 2022 sterf weens voedselontwinging wat deur Rusland se inval veroorsaak is? Na raming het 30 miljoen Chinese as gevolg van dieselfde redes honger gely tydens hulle land se “*Great Leap Forward*” in die laat 1950's. Alhoewel dit onmoontlik is om 'n betroubare syfer van die streng beheerde staat te verkry, beraam sommige waarnemers dat meer as drie miljoen Noord-Koreane tussen 1994 en 1998 gesterf het weens hulle regering se oordrewe streng beleid.

Ons behoort dit dus nie ligtelik op te neem dat die Europese Unie vandag sentrale beheer oor Europa se voedselvoorrade – landbou, visserye, voedselverwerking en voedselverspreiding – wil handhaaf nie. Dit kan verreikende gevolge hê.

Geprofeteerde rampspoed lê voor

Nadat God die Israëliete uit Egipte gebring het, het Moses geprofeteer dat indien hulle die Wette van God gehoorsaam, hulle geseën sou word met “reëns [gee] op die regte tyd” en oorvloedige oeste, maar indien hulle die Wette van God ignoreer, sal Hy “julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” sodat “julle land ... sy opbrengs nie gee nie” en siekte-epidemies sal hulle kleinvee en beeste teister (Levítikus 26:14-22).

God het ook gewaarsku dat, as gevolg van ongehoorsaamheid: “... julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet.” God sal ook “vir julle die staf van die brood verbreek” (Levítikus 26:16, 26). God het later die Israëliete gewaarsku dat benevens oesskade deur droogte en insekte: “... jy sal altyddeur net verdruk en beroof wees sonder dat daar 'n helper is ... Jou bees word voor jou oë geslag, maar jy sal daarvan nie eet nie ... jou kleinvee word aan jou vyande gegee ... Die vrugte van jou land en al jou werk sal 'n volk eet, wat jy nie ken nie; en jy sal altyddeur net verdruk en hard behandel word. En jy sal kranksinig wees vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien” (Deuteronómium 28:23-42).

Wat God voorspel het, begin vandag gebeur, met Brittanje en met ander moderne afstammelinge van Israel in Europa en Suid-Afrika en herinner ons aan

Eségiël se profetiese waarskuwing: “As Ek die verderflike pyle van hongersnood teen hulle uitstuur ... en julle staf van die brood sal Ek verbreek ...” (Eségiël 5:14-17). God het sy opstandige kinders gewaarsku: “Ek sal onheile op hulle ophoop ... As hulle uitgeput is van honger” (Deuteronómium 32:23-24).

Die derde perderuiter kondig die koms aan van 'n tyd van hongersnood wat erger as

enigiets is wat ons wêreld nog ooit gesien het. Aangesien die moderne afstammeling van antieke Israel, God se Wet grootliks verwerp het en entoesiasies op 'n morele “slee wat afwaarts gly” na verval gespring het. God se straf is voor die deur. Hy sal nie net die weer gebruik nie, maar sal ook die hebsug van die moderne wêreldse mensdom gebruik om 'n geprofeteerde tyd van hongersnood 'n werklikheid

te laat word wat tot die wêreld se ondergang en algehele vernietiging sal ly, as dit nie vir die Wederkoms van Jesus Christus is om ons van onself te red nie. Om meer te wete te kom oor die derde perderuiter en sy rit, sowel as die ander perderuiters wat waarsku oor krisis wat voorlê, bestel gerus ons gratis boekie *Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake*. **WWM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

**Besoek ons webwerf by: www.wwm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Omdat Hy opgestaan het, vier ek nie Paasfees nie

afbreuk daaraan te doen (Jeremia 17:9 het baie daaroor te sê), maar elke argument wat ek al ooit gehoor het, óf van ander persone óf van my eie verbeelding, het nog altyd in beginsel, hulle oorsprong in foutiewe menslike redenasie gehad, wat uiteindelik God se Woord weerspreek. Die Skrif herinner my: “... die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus” (2 Korinthiërs 10:4-5). Ek kan Christus nie eer deur aan Hom ongehoorsaam te wees nie.

Indien u belangstel om 'n paar van die heidense elemente

wat verband hou met die viering van Paasfees na te gaan, sal byna elke betroubare ensiklopedie 'n storie agter die vaksiedag openbaar, wat baie mense skokkend sal vind. In teenstelling met die Bybelse Heilige Dae, is Paasfees duidelik van heidense oorsprong. Ten spyte van – of eintlik in 'n sekere sin, **as gevolg van** – die voor-Christelike oorsprong en wydverspreide gewildheid onder nie-Christene, was dit as 'n alternatief vir die Pasga aangegryp deur 'n groot valse kerk, wat homself as bevoeg beskou het om God se eie Bybelse opdragte ongeldig te verklaar met die doel om nuwe lede te werf.

Vanuit die Bybel se perspektief is die keuse eenvoudig. Jesus Christus het aan ons

gesê om nooit God se Wette en Geboie te oortree ten gunste van menslike tradisies nie, ongeag hoe opreg of “godsdienstig” daardie tradisies mag wees (Markus 7:6-9). God wil duidelik nie hê dat ons heidense gebruike aanneem om Hom te aanbid nie (Deuteronómium 12:29-31; Jeremia 10:1-2).

Dit mag dus teenstrydig lyk, gegewe die gewilde “Christelike” kultuur en gebruike, maar ek sien geen alternatief nie. Ek glo met my hele hart in die herrese Christus en in die krag en waarheid van Sy Opstanding. Om in Christus as die Here te glo is om in Sy leerstellings te glo, om daarna te streef om Hom te volg en te gehoorsaam. Dáárom vier ek nie Paasfees nie en ek vertrou u ook nie. **WWM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Mense mag dalk saamstem met wat hulle hoor, maar *verander* hulle? Gewoonlik nie. Dit was dieselfde gedurende die tye van die groot Bybelse profete. “Sê dan vir hulle: Dit is die nasie wat na die stem van die HERE hulle God nie geluister het nie en die tugtiging nie aangeneem het nie; die opregtheid het verdwyn en is uitgeroei uit hulle mond” (Jeremia 7:28).

God se Woorde is vir baie mense gerusstellend. Dit is egter nie 'n opdrag om 'n mens se lewe te verander nie, veral as dit beteken familietradisies word verwerp. God het aan die profeet Eségiël gesê: “En kyk, jy is vir hulle soos 'n minnelied, soos *een* skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie” (Eségiël 33:32).

Die hoofstroom Christendom is heeltemal verskillend van dié van Jesus en Sy eerste-eeuse volgeling; dit is 'n vervalsing wat 'n ánder dag vir weeklikse aanbidding opsy sit, jaarlikse dae wat verskillend onderhou word as wat Jesus onderhou het, 'n ander beloning aanbied vir diegene wat die oproep beantwoord en 'n ander einde vir die ongehoorsames verkondig. Die apostel Paulus het die Kerk van God in Korinthe gewaarsku dat hulle die verkeerde leiers volg (2 Korinthiërs 11:13-15). Die kerk se leraars het die mense van 'n valse Jesus geleer, met 'n ander gees na hulle gekom en 'n ander boodskap verkondig (vers 4). Paulus het vir die Korinthiërs gesê: “... laat julle jul dit goed geval” (vers 4).

'n Vereiste vir dissipelskap

Dit bring my by dít wat die skrikwekkendste vers in

die Bybel behoort te wees. Dit is die werklike rede waarom so baie mense weier om te verander. Dit verduidelik waarom sommige mense erken dat Jesus die “Here van die Sabbat” is – die sewende dag – maar tog nie bereid is om te verander van die dag van sonaanbidding op die eerste dag van die week, wat deur keiser Konstantyn in die vierde eeu n.C. ingestel is nie. Dit verduidelik waarom die meeste mense wat weet wat die ware oorsprong van Kersfees en Paasfees is, eerder by hierdie gebruike van heidense oorsprong sal hou, as om die dae te onderhou wat Jesus en Sy volgeling onderhou het. Dit verduidelik waarom so min belydende Christene bereid is om te handel in ooreenstemming met die Boek wat hulle sê hulle glo die geïnspireerde Woord van God is.

Wat is daardie skrikwekkendste vers van alle Skrifture? Wat beteken dit vir u? Lees dit. Mediteer daaroor. Hier is dit:

“As iemand na My toe kom en hy haat nie [tot 'n mindere mate liefhê] sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie” (Lukas 14:26).

Hierdie is die skrifgedeelte waar teorie in die praktyk toegepas word. Dit is nie 'n maklike vereiste vir dissipelskap nie en ai, hoe haat sommige mense die woord *vereiste*. Dit is waarom Jesus vir ons sê dat ons moet ingaan “deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal

Vervolg vanaf bladsy 10 – Godsdien: Kanada se vier-letter woord

georganiseerde gelowe wat hulleself almal Christelik genoem het, verwerp is. Talle historici het hierdie verskynsel opgemerk. Die oorspronklike gedrag wat van 'n volgeling van Jesus verwag was, word om-

raam in die konteks van die Dekaloog (die Tien Gebooie), wat vermanings soos die volgende insluit: “Jy mag nie egbreek nie”, “jy mag nie doodslaan nie”, “jy mag nie steel nie”, en “jy mag geen valse

getuienis gee nie” (sien Romeine 13:9-10). Indien diegene wat na hulleself verwys as Christene, almal volgens hierdie ideale sou leef, sou godsdien nie meer as 'n vier-letter woord beskou word nie. **WVW**

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind”
 (Matthéüs 7:13-14).

Moenie wees soos die mens wat in die spieël
 van waarheid kyk, 'n probleem sien en dan wegstap
 nie. Wees sterk, wees moedig en doen wat Jesus
 sê. Terwyl daar diegene is wat probeer wegdoen
 met die nodigheid van 'n Skepper, skep ander
 mense Hom na hulle *eie* beeld, omdat hulle hul
 familie en vriende belangriker ag as wat hulle die
 ware God vrees.

Christelike dissipelskap is nie maklik nie en dit

behoort duidelik te wees vir enigeen wat die Bybel
 lees. Liewe Leser, terwyl u aanhou om hierdie
 tydskrif te lees en na die *Tomorrow's World*-
 beeldsendings te kyk, is dit my gebed dat God u oë
 sal oopmaak en u die krag sal gee om volgens Sy
 Woord te leef – al lyk dit skrikwekkend aan die begin
 – die beloning is ongeëwenaar.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie
 insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met
 nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**